# TYDSKRIFOORSIG

*Mediese Etiek: Vereniging voor Calv. Wijsbegeerte.*

Die uitgawe van BEWEGING 78 se Oktobernommer is in sy geheel gewy aan die probleme rondom die mediese etiek. Prof. J. H. Van Bemmel skryf oor „*Moderne medische machtsmiddelen*" en toon aan dat daar, benewens al die nodige en goeie van die tegniek, tog 'n tendens is om die mens tot 'n nommer te reduseer. Met die toenemende tendens van komperdiagnose kom die dringende vraag na vore: wie dra die verantwoordelikheid vir die diagnose?

Prof. G. A. Lindeboom bied 'n kort historiese oorsig oor die mediese etiek onder die opskrif „*De Medische ethiek in Beweging*". Hy toon aan hoe die etiek, wat vir die afgelope twee en 'n half duisend jaar op vaste grondslae berus het sedert die sestiger jare in 'n krisis geraak het wat alle fondamente laat wankel het, dat daar 'n parallelle krisis in die teologiese etiek bestaan en dat die krisis onder meer saamhang met die deurwerking van 'n humanistiese mensbeskouing.

„Als christenen hebben we geweldige, niet te vergelijken alternatieven die het grijpen naar de dood als oplossing van onze problemen ronduit anti-christelijk en belachelijk maken". Aldus dr. D. J. Bakker in sy prikkelende artikel „*Medische ethiek en Euthanasie*". Hy toon die dilemma van die moderne geneeskunde (menslik of tegnies?) pragtig aan en behandel die kwessie van die genadedood teen die agtergrond van die veranderde mensbeskouing, die mag van die tegnologie, die veranderde posisie van die arts in die samelewing en die veranderde kyk op die dood.

Dr. A. W. Mante bied 'n insiggewende bydrae oor *abortus provocatus*. Hy wys hoe Tertullianus teenoor die heidense „neutrale" houding ten opsigte van aborsie reeds sterk stelling ingeneem het. Volgens die merkwaardige kerkvader is aborsie 'n vorm van moord. Sy argument: WAT 'N MENS GAAN WORD IS REEDS 'N MENS, is deur die moderne biochemiese ondersoeke van die Nobelpryswenners Watson en Criek klinkklaar bevestig. In die debat oor aborsie gaan dit ten diepste oor HOE die mens gesien word. Die situasie-etiek, waarmee aborsie goedgepraat word, kom voort uit 'n verskuifde eties-religieuse stellingname en vernietig ten slotte die karakter van menslike verantwoordelikheid.

Die tema van die nommer van BEWEGING 78 word afgesluit met 'n mooi historiese oorsig oor die eugenetika deur dr. R. W. M. Croughs. Hy stel dat die eugenetika vanaf sy ontstaan ten nouste verbind was met die wetenskaplike rasdenke. Vanaf die Verligting (Voltaire se opvatting van die totale verskil tussen rasse!) via die negentiende eeuse nasimalisme, matinalisme en ewolusionisme word die lyn deurgetrek tot by Hitler se toepassing van die beginsels. Daarvandaan word die lyn verder deurgetrek tot by die moderne molekulêre biologie en die bepleiting van eugenese. Pragtig toon die skrywer aan hoe die loslating van die bybelse mensbeeld (veral sedert die verligting) onheilspellende konsekwensies vir die mensdom inhou! Hy spreek sy besorgdheid uit dat die moderne Haeckels vandag steun vanuit die kerke kry en dat daar so gaandeweg ruimte gemaak word vir 'n menstipe wat „psychologisch mogelijk omschreven zou kunnen worden als de lustmens met zijn hondenmoraal".

L.F.S.

*Werk, Kerk en Teologie.*

Die Universiteit van die Noorde het 'n studieweek in Junie 1978 aan bostaande aktuele onderwerp gewy. Die lesings en selfs die besprekings word gepubliseer in THEOLOGIA VIATORUM, Desember 1978 (Jrg. 6 Nr. 2). Die staat en arbeidsverhoudinge, sosiale vraagstukke, arbeid vanuit die O.T., N.T. en gesigspunte van Calvyn, en hoe moderne vraagstukke die kerk raak, kom ter sprake.

## BOEKBESPREKING

K. Runia: „*De Wereldraad in Discussie*". Kok, Kampen (1978), 184 blss. f 22,50.

Prof. dr. K. Runia bewoord die besware van die „Evangelicals" teen die Wêreldraad van Kerke (WRK) op sy kenmerkende wyse as 'n „gentleman". Die „Evangelicals" (p. 12) het na die Bangkok-sendingkonferensie (1973) van binne en buite die WRK (vgl. o.a. prof. P. Beyerhaus en Verklaring van Berlyn) die gesag van die Skrif, wedergeboorte en bekering asook evangelisasie en sending teen die WRK begin aanlê (p. 10).

Die samestelling en werkswyse van die WRK is sodanig dat dit as't ware moeilik is om uit te maak waar die WRK as sodanig optree (p. 7-9). In vyf afdelings gaan R. in op die mees opvallende besware nl. die plek wat die Bybel by die WRK inneem (p. 18-28); op die rol wat die leer by die WRK speel (p. 29-43); op die begrip eenheid van die kerk (p. 44-62); op die plek wat sending en evangelisasie in die WRK inneem (p. 65-94); op die politieke en sosiale „engagement" van die WRK (p. 95-113).

Drie verteenwoordigers van die WRK (123-159) naamlik dr. (mev.) E. Flesseman-van Leer, jarelank aktief in Faith and Order, dr. A. H. Berkhof, jarelank lid van die Sentrale Komitee en dr. A. H. van der Heuvel, jarelank staffunksionaris in Genéva, tans lid van die Sentrale Komitee verdedig die WRK. Runia voer in 'n Epiloog die laaste woord (160-179).

R. wys op die uitskakeling van die Bybel in die ekklesiologie (Käsemann), allerlei Skrifbeskouinge en nuwe verklaringsbegrippe soos „contextualisme" (23). Beroep op die Skrif word uiters moeilik. Die kulturele konteks oorheers die Bybelse teks/boodskap (27). Evangelicals en ook die meeste G.E.S. kerke vra of die WRK homself 'n „gemeenskap van kerke" wat die Here Jesus ooreenkomstig die Skrif bely, mag noem (p. 30). Dit verteenwoordig eerder 'n optelsom van verskillende visies (32). R. en Berkhof (37) gee toe dat teologië en genitief-teologië (35) die optrede van die WRK bepaal.

Wanneer „bevryding" (38) ter sprake kom, verwyt R. die Evangelicals dat hulle „apartheid" in S.A. goedpraat (39). Dit is opmerklik dat Runia ook in Centraal Weekblad toenemend „apartheid" ongekwalifiseerd hanteer om S.A. radikaal saam met die wêreldkoor te veroordeel. Dit toon hoe skrikwekkend die linkse kondisionering wetenskaplike beoordeling al beïnvloed het en kontroleer.

Die „eenheid van die kerk" is die „hart" van die WRK. R. beweer dat die onsigbare kerk (die essensiële eenheid) ook sigbaar institusioneel na vore moet kom (45). Die Evangelicals beskou die kerk nie so seer instituut nie, en ontken dat mense primêr die eenheid van die kerk tot stand bring. Die Skrif wys altyd op 'n gekwalifiseerde eenheid (49). Seksie II van Nairobi sê feitlik niks oor die eenheid-in-die-waarheid nie (51) en op kettery word nooit

ernstig ingegaan nie (53). Uitsprake oor rassisme is egter fel asof orthopraxie belangriker as ortho-doxie is (55). Die WRK verklaar „verdeeldheid" sondermeer tot sonde en reken nie met verdeeldheid wat van Christus gebode is nie. R. wil nog grense t.o.v. „echte kerk-zijn" handhaaf (57).

Die eenheidsleer bring die eenheid van die kerk gemaklik oor op eenheid van die mensheid asof die WRK die koninkryk van God bou (59). „Als de waarachtige eenheid van de mensheid het resultaat is van een immanent historisch proces, dan wordt de kerk primair een empire-builder... en in het verlengde daarvan wordt een van de voornaamste taken van de kerk zich op allerlei sociale en politieke problemen te werpen..." (61).

Die Evangelicals (Verbond van Lausanne, John Scott en selfs Oosters Ortodokse Kerk) verwyt die WRK dat dit nie die evangelie meer deurgee nie, maar verval in „modieus activisme", sosiale en politieke bevryding (68, 72 e.v.). Die verhouding God-kerk-wêreld is omgekeer na God-wêreld-kerk. Die wêreld verskaf die agenda vir die kerk (71). Met die leuse van dialoog t.o.v. vreemde godsdienste beweeg die WRK in die rigting van sinkretisme (77 v.) en universalisme (85 v.). Juis die ouer kerke binne die WRK verloor hulle sending belangstelling (88).

Die WRK het kragtens die „Life-and-Work"-beweging sedert sy ontstaan hom op politieke en sosiale terreine ingelaat. Gedurende die sestigerjare het 'n stroomversnelling plaasgevind wat sedert Uppsala 1968 rewolusie in die plek van reformasie stel (96). Daaruit het die PCR ontstaan. Die Evangelicals beskou hierdie werkswyse nie as kerk-taak nie. Berkhof skryf die bedrywigheid aan 'n mengsel van calvinistiese teokrasie, Britse pragmatisme en optimistiese Amerikaanse vooruitgangsgeloof toe (99). Ontwikkelingseschatologie vervang die Christus-verwagting. Wat is die verhouding tussen evangelisasie en sosiale aksie (106) en waar lê die prioriteit? Hoe ver kan die kerk gaan t.o.v. Cuba, Angola ens. (109)? Moet die kerk die „just participatory and sustainable society" aan bepaalde stelsels koppel (110)? Die WRK se politieke funksie verander tot dié van 'n politieke mag (111).

Mev. Flesseman-van Leer gee toe dat die Bybel prakties nie meer in die WRK kan ageer nie (125). Daar is hermeneutiese verskille. „En mag een blanke die de apartheid verdedigt tot een zwarte christen in Z. Afrika spreken van het gebod van verzoening en vergeving onder mensen?" (127). 'n Mens wil haar vra: Hoe kan mense wat „rassisme" as die grootste sonde van ons tyd veroordeel (110) so rassisties op 'n samelewing in S.-Afrika bly kyk en t.o.v. volkere-realiteit geen begrip kan (of wil?) vorm nie? Kan hulle ernstig wees wanneer hulle steeds mense as „swart" en „wit" bly beskryf? Of is die rasse-indeling vir hulle die enigste bestaanbare, terwyl hulle naïef meen dat hulle „spanning" tussen die twee pole gaan wegneem? Of is wit en swart rasse vir hulle net wit en swart klasse (vgl. Marx se skema)?

Vir Berkhof is dit erg dat die GES vrysinnigheid uitgehou, maar met Paislee en dr. J. D. Vorster bly sit het (130). Van der Heuvel verdedig die WRK se politieke en sosiale „engagement" (147 e.v.). Hy maak alles so maklik. Hy kan homself nie daarvan weerhou om Runia en die Gereformeerdes met modder te gooi nie. Dit het egter die voordeel dat R. in die Epiloog sy persoonlike sentimente duideliker verklaar en v.d.H. se swart-wit skema en oppervlakkige argumentasie aan die kaak stel (171 v.). R. onderskryf self die basiese vertrekpunte van die Evangelicals.

'n Mens het simpatie vir R. se dilemma. In geloof en oortuiging vertolk hy die evangeliese-bybelse protes teen die WRK. Vanuit die GNK moet hy egter die WRK verdedig. Hy sit in 'n sekere sin op twee stoele tussen die Evangelicals (Beyerhaus, Vermaat e.a.) en sy „gesprekspartners" Flesseman — van Leer, Berkhof en Van den Heuvel. Dit is jammer dat 'n mens die indruk kry dat hy vir die „gesprekspartners" sal laat kies, wanneer puntjie by paaltjie kom (vanweë strukture-pragmatisme?)

Nietemin maak die ewewigtige bespreking die werk geloofwaardig. Dit is aktueel, maklik geskrywe en die moeite werd om te lees — 'n netjiese publikasie van J. H. Kok, Kampen.

B. SPOELSTRA.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

1. Die Verenigde Protestantse Uitgewers,
Posbus 1822,
Kaapstad.

1.1. W. H. Velema: De Rechtvaardiging van de straf: etisch kommentaar (1978), R8,42.

1.2. J. Van Bruggen: Het Huwelijk gewogen 1 Kor. 7 (1978), R9,48.

1.3. C. Graaffland: Het vaste Verbond (1978). Prys onvermeld.

1.4. D. Nauta: Guillaume Farel (1978), R10,54.

1.5. *Geloof en Revolutie.* Kerkhistorisch kanttekeningen bij een actueel vraagstuk aangeboden aan prof. W. F. Dankbaar op zijn seventigste verjaarsdag (1977), R23,85.

2. Die N.G. Kerk Uitgewers,
Posbus 245,
Pretoria.

2.1. L. F. Schulze: *Geloof deur die Eeue* (1978), 264 blss., h.b. R7,75.

3. HAUM,
Posbus 460,
Pretoria.

3.1. J. A. Loader (e.a.) *'n Nuwe lied vir die Here,* (1979), 177 blss., R6,75.